

19 Desember

Jeremia 7:1-15

'n Gemeenskap wat nooit tuis mag raak nie

Die bedreiging van Nebukadnesar wat opgetrek het teen Juda het onsekerheid by die volk teweeggebring. Daarom stroom hulle ook na die tempel om bemoedig te word. Hulle kom kerk toe om vertrous te word deur die priesters en profete. En tog, wanneer hulle daar kom, ontmoet hulle vir Jeremia by die tempelpoort wat hulle tot in die diepste van hul wese skok: JULLE VERTROU OP BEDRIEGLIKE WOORDE! Hoor u? 'n Biddende en singende gemeente word by die kerkdeur ontmoet met dreigende woorde wat waarsku teen 'n valse gerustheid wat aanleiding gegee het tot 'n uitwendige godsdienst. Vanwaar kom die volk se valse vertroue? Van verkeerde gevolgtrekkings vanweë die wete dat hulle God se volk is. Die Here se tempel het hulle gesê, staan mos in Jerusalem en daarom sal die stad nie vernietig word nie. Hulle het geredeneer dat solank as wat die tempel daar staan en hulle offer sou die stad nie ingeneem word nie. Jeremia kloof die valse gerustheid van die volk tot op die been toe oop.

Dalk lê 'n deel van die probleem hierin dat ons die tentpenne op aarde te diep inkap, terwyl ons daarvan vergeet dat ons 'n ander bestemming het. Indien ek te ingeburger raak in die lewe, ontwikkel 'n valse gerustheid maklik. Dit is immers maklik om tot verkeerde gevolgtrekkings te kom oor dit wat ek besit. Destyds is gelowiges nie verniet "mense van die weg" genoem nie. Die pad van die gelowige is immers die pad wat deur Christus vir ons gebaan is - ja, die pad na die nuwe Jerusalem. Ek is deur God begenadig om deel te wees van "mense van die weg". Ons mag deelneem aan God se triomftog deur die lewe. Daarom mag ons nie te tuis word in die wêreld nie.

Sing: Psalm 40:2

Ds. F.P. Kruger (Meyerton)